testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2015

**10731**

**EKONOMIE**

# EERSTE VRAESTEL

**PUNTE:** **150**
**TYD:** **2 uur**

**Bladsye 12**

EKONOMIE V1
1073A

10731A

X05

N

**b.o.**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Eerste Vraestel)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Skryf die nommer van die vraag boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae sorgvuldig deur en begin elke antwoord op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 lyne oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.

7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie keuses word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die mark vir langtermyndeposito's en lenings staan bekend as die ... mark.

A kapitaal
B geld
C faktor

1.1.2 ŉ ... ontstaan as gevolg van twee opeenvolgende kwartale van negatiewe groei in die ekonomie.

A Depressie
B Resessie
C Dessessie

1.1.3 Die finansiële jaar van die staat strek vanaf ...

A 1 Januarie tot 31 Desember.
B 1 April tot 31 Maart.
C 1 Julie tot 30 Junie.

1.1.4 Die aankoop van aandele op die JEB deur ŉ buitelander is ŉ voorbeeld van ... ŉ belegging.

A binnelandse
B direkte
C portefeulje

1.1.5 Doeanereg is ...

A staatsbelasting op invoere en uitvoere.
B ŉ subsidie op invoere en uitvoere.
C ŉ vermindering in die prys van ŉ ingevoerde produk.

1.1.6 Volgens internasionale standaard mag ŉ begrotingstekort nie meer as ... van die BBP oorskry nie.

A 3%
B 5%
C 10%

1.1.7 ŉ Oorvleuelende diens van nywerheidsontwikkeling is ...

A toerisme.
B kultuur.
C tegnologie.

1.1.8 ŉ Voorbeeld van ŉ ekonomiese aanwyser is ...

A opvoedkunde.
B behuising.
C werkverskaffing. (8x2) (16)

1.2 Kies ŉ **beskrywing** uit KOLOM B om by ŉ **item** in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Reële vloei | A Die prys van een land se monetêre eenheid in terme van ŉ ander land se monetêre eenheid |
| 1.2.2 Kuznet-siklus | B Beweging van goedere en dienste tussen verskillende deelnemers in die ekonomiese kringloop |
| 1.2.3 Parastataal | C Tydsduur tussen 15 en 20 jaar |
| 1.2.4 Wisselkoers | D ŉ Volle of gedeeltelike staatsbeheerde-onderneming of staatsagentskap |
| 1.2.5 Korting | E ŉ Plan vir Suid-Afrika om teen 2030 armoede te bestry en ongelykhede te verminder |
| 1.2.6 Ekonomiese ontwikkeling | F Proses waar die lewenstandaard van die meerderheid van die inwoners van ŉ land verbeter |
| 1.2.7 NOP | G ŉ Persentasie vermindering in die totale belasting betaalbaar |
| 1.2.8 Ruilvoet | H Die verhouding tussen invoer- en uitvoerpryse |
| | I Tydsduur tussen 5 en 10 jaar |

(8x1) (8)

1.3 Skryf die term neer vir deur elk van die volgende stellings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Individue kan nie ŉ prys vir gebruik gevra word nie

1.3.2 Die konsep wat verduidelik hoe veranderings in investering verandering in nasionale inkome teweegbring

1.3.3 Aansporings wat vervaardigers aanmoedig om uit te voer

1.3.4 Verkoop goedere op ŉ buitelandse mark teen pryse wat laer is as die produksiekoste in die land van herkoms

1.3.5 Toename in die uitset per werker

1.3.6 Om ŉ onbekende vanuit bekende feite en inligting, te beraam (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE argumente ten gunste van vryhandel. (2x1) (2)

2.1.2 Hoe sal ŉ swak wisselkoers (rand) Suid-Afrika se uitvoere beïnvloed? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer ŉ *siklus* en ŉ *amplitude* op die diagram. (2x1) (2)

2.2.2 Beskryf AC op die diagram. (2)

2.2.3 Wat is die betekenis van **G** op die diagram? (2)

2.2.4 Hoe kan fiskale maatreëls toegepas word om die ekonomiese aktiwiteite van **C** tot **E** op die diagram te verhoog? (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NASIONALE REKENINGE GROOTTOTALE**

| | **R miljard** |
|---|---|
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | 200 |
| Belasting op goedere | 30 |
| Subsidies op goedere | 16 |
| **Bruto Binnelandse Produk teen markpryse** | **(A)** |

2.3.1 Noem TWEE voorbeelde van *belasting op goedere.* (2x1) (2)

2.3.2 Beskryf die term *basiese pryse*. (2)

2.3.3 Watter nasionale berekening metode sluit die berekening van basiese pryse in? (2)

2.3.4 Bereken die waarde van (A). Dui ALLE berekeninge aan. (4)

2.4 Onderskei tussen 'n *stabiele (vaste) maar aanpasbare wisselkoers* en 'n *beheerde swewende wisselkoers*. (2x4) (8)

2.5 Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek deur uitvoere na buitelandse markte te subsidieer? (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE oorwegings wat gebruik word om ŉ ekonomie te assesseer. (2x1) (2)

3.1.2 Hoe kan progressiewe persoonlike inkomstebelasting gebruik word om ongelykhede in Suid-Afrika te verminder? (1x2) (2)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DEÏNDUSTRIALISASIE-MITE**

Deindustrialisasie is nie ‘n fabel of mite nie; dit hou ernstige probleme vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in. Dit is hoofsaaklik omdat vervaardiging as ŉ geheel die hoogste groei-vemenigvuldiger in die ekonomie het terwyl ander industrieë ook hoë werksvermeningvuldigers het.

Suid-Afrika moet homself vergelyk met lande soos Brasilië, Indonesië, Maleisië, Taiwan en Thailand wat vervaardigingsgroei gebruik om groei in ander sektore te stimuleer. Dit het gesorg vir volhoubare groei van 7% of meer vir die 25 jaar na die Tweede Wêreldoorlog.

Suid-Afrika se probleem is dat arbeidsintensiewe sektore soos klerasie en skoene aanhou om onder te presteer. Hierdie sektor se aandeel in Suid-Afrika se BBP is slegs ŉ derde van die gemiddelde van ŉ land met dieselfde inkome, en dit verminder daagliks.

**Bron: Aangepas uit *Financial Mail***

3.2.1 Wat, volgens die uittreksel is die grootste bydraer tot die onderprestasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2)

3.2.2 Beskryf die begrip *deindustrialisasie.* (2)

3.2.3 Verduidelik hoe Suid-Afrika dieselfde groei as ander ontwikkelende lande kan behaal. (2)

3.2.4 Hoe verskil ŉ *groeivermenigvuldiger-nywerheid* van ŉ *werksvermenigvuldiger-nywerheid*? (4)

3.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SUID-AFRIKA: MENSLIKE ONTWIKKELINGSINDEKS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **MOI-waarde** | **Lewens-verwagting** | **Verwagte jare van skoolopleiding** | **BNI per kapita (2011 PPP$)** |
| 1980 | 0.569 | 56.9 | 11.1 | 9,756 |
| 2013 | 0.658 | 56.9 | 13.1 | 11,788 |

[Bron: Aangepas uit *www.hdr.undp.org.*]

3.3.1 Identifiseer TWEE sosiale aanwysers uit die tabel. (2)

3.3.2 Beskryf die begrip *Menslike Ontwikkelingsindeks*. (2)

3.3.3 Wat dui daarop dat Suid-Afrikaners finansieël beter daaraan toe is in 2013 as in 1980? (2)

3.3.4 Hoe kan die verwantskap tussen lewensverwagting en verwagte jare van skoolopleiding ekonomiese groei beïnvloed? (2x2) (4)

3.4 Verduidelik die *produksie prys indeks* as 'n ekonomiese aanwyser. (4x2) (8)

3.5 Waarom kan die term *ongebalanseerd* beskryf word as die hoofrede vir die Noord-Suid-verdeling? (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**


**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE lede van die G8-lande. (2x1) (2)

4.1.2 Watter effek sal volgehoue beurtkrag op buitelandse beleggings in Suid-Afrika hê? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





4.2 1 Noem die TWEE deelnemers wat *nie* in die diagram ingesluit is nie. (2x1) (2)

4.2.2 Beskryf die begrip *lekkasies*. (2)

4.2.3 Identifiseer TWEE lekkasies in ŉ geslote ekonomie. (2x1) (2)

4.2.4 Verduidelik die vermenigvuldigereffek as daar ŉ groot belegging in die ekonomie plaasvind. (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Aangepas uit *Internet images: Business Day*]

4.3.1 Noem TWEE redes, vir die nywerheidsaksie in die platinummynbedryf volgens die spotprent. (2x1) (2)

4.3.2 Beskryf TWEE effekte van nywerheidsaksie op besighede op die kort termyn. (2x2) (4)

4.3.3 Wat is die positiewe sosiale impak van nywerheidsaksie op die lang termyn? (4)

4.4 Bespreek kortliks die *styging in besteebare inkomste* en *internasionale toerisme* as vraagredes vir internasionale handel. (2x4) (8)

4.5 Hoe doeltreffend was die gebruik van aansporings in die totstandkoming van nuwe besighede in die nywerheidsontwikkelingsones (NOS). Motiveer jou antwoord. (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>• **Hoofgedeelte:**<br>Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/(analiseer)/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br><br>• **Addisionele gedeelte:**<br>Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Debateer kortliks/Hoe/Stel voor/ Gebruik die inligting en argumenteer, debateer, evalueer | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

**Dienslewering deur die openbare sektor speel ʼn belangrike rol in ons daaglikse lewens.**

- Bespreek breedvoerig die redes vir openbaresektor-mislukking. (26)

- Na jou mening, hoe kan die staat die elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika oplos? (10) **[40]**

**VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

**Die aanbod-benadering beklemtoon die styging in aanbod deur die uitbreiding van die produksiekapasiteit van die ekonomie.**

- Bespreek die aanbodkantbenadering wat in Suid-Afrika gebruik word om groei en ontwikkeling te bevorder onder die volgende opskrifte:

(1) Effektiwiteit en doeltreffendheid van markte
(2) Besigheidsdoeltreffendheid
(3) Die koste om sake te doen (26)

- Evalueer mededinging as ʼn ontwikkelingsbeleid in Suid-Afrika. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

**EINDE**